**Skriflesing:** Lukas 5:27-32
**Tema:** Jesus gaan na skelm, siek en sondige mense.

Ek wou eers sê Jesus gaan na SS mense, maar was bang dat ek die nuus sou haal voor ek die preekstoel haal! Die SS was die bewakingseenheid van Adolf Hitler. Hulle was berug vir hulle brutaliteit en het reeds vroeg in hulle bestaan beheer van Duitsland oorgeneem. Hulle was verantwoordelik vir die konsentrasiekampe en verdelgingskampe waarin miljoene gevangenes gesterf het. Na die oorlog is hulle skuldig beving aan die wreedste misdade teen die mensdom. En ja, Jesus gaan inderdaad ook na SS mense.

Ek gaan die verhaal van Levi probeer vertel asof hyself aan die woord is:
Ek is die seun van Alfeus. Nog ‘n dissipel, Jakobus, se pa se naam is ook Alfeus, maar ons is nie familie nie. Ek moet sê, die dissipels is nogal ‘n vreemde klomp manne. Vyf van ons is vissermanne.

Ek is ‘n Jood. Toe ek egter hoor hoe die tollenaars geld maak is ek as tollenaar deur Herodus Antipas aangestel. Ons samel, namens die Romeinse heersers belasting, ook van ons eie mense, in. ‘n Deel van die belasting hou ons vir onsself. Ons samel sommer ook ‘n paar rand meer in as wat ons moet en raak in hierdie proses lekker ryk. My volksgenote beskou my as ‘n skelm en ‘n volksverraaier. Ek kan hulle nie eintlik kwalik neem nie. Van die geld wat ek ingesamel, word vir die Romeinse keiser en vir afgodsdiens gebruik.

Ek het nie vriende nie. Al my ou vriende het verdwyn. Ek word as onrein beskou en is daarom ook nie welkom in die kerk nie. Ek mag nie eens die geestelike byeenkomste bywoon nie.

Dit het alles verander die dag toe Jesus na my toe gekom het. Ons lees daarvan in Lukas 5:27: “Daarna het Jesus uitgegaan en 'n tollenaar met die naam Levi by sy tolhuis sien sit, en Hy sê vir hom: “Volg My.”

Die laaste paar jaar van my lewe het ek net vuil kyke gekry. Jesus het my gesien en na my gekyk soos niemand nog nooit na my gekyk het nie. Jesus sien ook van sy ander dissipels so voor Hy hulle roep. Dit is dieselfde sien wat Maria vir Jesus na sy opstanding gegee het. THEAOMAI kom van die Griekse woord Theatron. Kan u raai wat theatron in Afrikaans beteken? Dit beteken teater. In antieke tye was die teater die plek waar mense met die grootste aandag en bewondering na opvoerings gekyk het. Dit is die soort kyk wat Jesus vir my gegee gegee het. ‘n Theaomai, teater kyk. Sy sien van my was met aandag, liefde en bewondering gevul.

En met ‘n stem vol gesag roep hy my toe om Hom te volg. Ek het alles net so laat lê en Jesus gevolg. Ek het my kruis opgeneem en Hom gevolg. Ek het materieële wins laat staan vir geestelike wins. Ek kon nie anders nie! Hy het my gesien en geroep. Die vissermanne kon nog omdraai en weer gaan vasvang. Maar my keuse vir Jesus was onherroeplik.

Ek was ook sommer dadelik ‘n getuie. Ek het ‘n partydjie gehou waar ek al my nuwe vriende aan Jesus bekend gestel het. Hulle was die gemarginaliseerde mense, die skuim van Kapernaum. Onder hulle was diewe, bedrieers, prostitute en egbrekers. Jesus het met hulle gekuier, hier en daar aan iemand geraak en saam met hulle gelag. Vir die dissipels was dit maar vreemd. Later het hulle egter ook ontdooi en die partydjie amper te veel begin geniet.

Na die partydjie was die spreekwoordlike duiwel los onder die hoogs heilige kerkleiers. Meng jou met die semels, dan eet die varke jou. Dit is wat hulle vir Jesus en die dissipels gesê het. Hulle wou weet hoe Jesus met so klomp onrein mense kon kuier. “Waarom eet en drink julle saam met tollenaars en sondaars?”

Jesus antwoord hulle in Luk 5:31-32: “31 “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. 32 Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars.”

Jesus praat hier van mense wat geestelik siek en verlore is. Hy het na ons toe gekom. Maar hy praat ook spesifiek met die Fariseers en skrifgeleerdes met al hulle mensgemaakte reëls en tradisies wat hulle so getrou nakom. Hulle dink dat hulle gesond en op die regte pad is en besef nie hoe nodig hulle Jesus het nie.
Jesus weet ook dat om iemand te vermy omdat jy hom of haar as onrein beskou, nie so ‘n persoon gesond gaan maak nie.

Na Jesus my geroep het, verander my naam na Matteus. Dit beteken: “geskenk van die Here.” Ek is een van sy dissipels.
Ongeveer veertig jaar na hierdie onvergeetlike dag toe Jesus my raakgesien en my geroep het, het ek gaan sit en die verhaal neergeskryf.

Ek was nog altyd ‘n georganiseerde en sistematiese mens. Ek is goed met administrasie en het skrywerstalent gehad. As tollenaar het ek hierdie gawes verkeerd gebruik. Toe God my lewe omdraai, het Hy my pen ook geroep. Nou gebruik ek my gawes tot eer van God. Ek het die evangelie van Matteus, die eerste boek in die Nuwe Testament geskryf.

Ek het die evangelie in Persië, Egipte en Ethiopië verkondig, waar ek ‘n marteldood gesterf het.

Moet nooit die leuen glo dat jy nie goed genoeg is vir die Here nie. Hy gaan na siekes, skelms en verlore sondaars en roep hule om Hom te volg. Hy nooi ook vir elkeen van ons opnuut uit om Hom te volg. As sy volgelinge stuur Hy vir ons na siek, skelm en sondige mense.

**Afsluiting**
Daar was twee verskillende skilderye met die naam: “die Laaste Avondmaal.”

Die eerste bekende skildery is die van Leonardo da Vinci wat hy in 1498 in ‘n klooster in Milaan geskilder het.

Maar daar was ook ‘n Laaste Avondmaal wat die Italiaanse skilder Paolo Veronese in 1573 op die agterste muur van ‘n Dominikaanse klooster geskilder het.
Die skildery het egter gelei tot 'n ondersoek deur die Rooms-Katolieke Inkwisisie. Veronese is van afvalligheid en dwaalleer aangekla. Hy is geroep om te antwoord op die oneerbiedigheid, onvanpastheid en onbetaamlik van die skilderwerk. Dit is ‘n ernstige dwaalleer genoem. Hy is gevra om te verduidelik waarom die skildery "grapmakers, hansworse, dronk Duitsers, dwergies en ander sulke beledigende, lasterlike beelde asook uitspattige kostuums en omgewing bevat.”
Daar is vir Veronese gesê dat hy sy skildery binne drie maande moet verander.
In plaas daarvan het hy eenvoudig die titel verander na: “Die fees in die Levi-huis.”
Dit was nog steeds 'n verhaal uit die evangelies, maar minder leerstellig sentraal en een waarin sondaars teenwoordig was. Na die naamsverandering was almal tevrede.

Wil ons nog steeds, soos die Fariseërs, skrifgeleerdes en Rooms-Katolieke kerk Jesus eerder in die eerste as die tweede skildery sien en dien?

Onthou Jesus se woorde in Lukas 5:31-32: “[31] “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. [32]Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars.”

Amen